

HOOFSTUK 1

ORIENTERENDE INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLINGE, METODE VAN ONDERSOEK EN PRESISERING VAN BEGRIPPE

1.1 Oriënterende inleiding

Die huisgesin is die kleinste en hegte funksionele samelewingseenheid wat in enige gemeenskap aangetref word. Daarby is die normale volwaardige huisgesin die natuurlike lewensomgewing waarin die kind behoort op te groei. 'n Normale gesin in die Westerse samelewing bestaan uit 'n vader, 'n moeder en hulle kinders. Die vader en moeder verskaf aan die jong kindjie die nodige lewensmiddele, sekuriteit, identiteit en leiding wat uitloop op volle ontwikkeling van die kind se persoonlikheid. Gebaseer op ouerliefde vind al die opvoedingsfunksies in die ouerhuis plaas.

In die moderne Westerse samelewing, en veral in die afgelope paar dekades, is die gesinsisteen besig om te verbrokkel en wanfunksionering van die gesinstruktuur kom in toenemende mate voor. Dat hierdie toestand steeds besig is om te vererger, word bevestig deur die feit dat daar in 1980, 1981 en 1982 onderskeidelik 2828, 3135 en 4002 blanke kinders in die Republiek van Suid-Afrika sorgbehoewend bevind is (kyk tabel 1.1 op bladsy 3).

Wanneer die kind nie meer in gesinsverband die sorg en opvoeding kry wat hom toekom nie, kom substituuat versorging ter sprake. Jong kinders wat sorgbehoewend verklaar word, word meestal in pleegsorg of kinderhuise geplaas om later oorgeplaas te word na kinderwetskole vir verdere opleiding. Kinders van ongeveer twaalf jaar en ouer wat sorgbehoewend bevind word, word regstreeks na kinderwetskole gekommitteer.

Sedert die stigting van die eerste kinderwetskool (vroeër bekend as nywerheidskool) in 1909 het die aantal kinders wat jaarliks sorgbehoewend bevind is, sodanig vermeerder dat meer en meer skole van dié aard dwarsoor die land opgerig moes word. Vandag bestaan daar agtien sulke skole in die Republiek van Suid-Afrika wat regstreeks onder die Departement Nasionale Opvoeding ressorteer.

Die kinderwetskool is daargestel om aan kinders wat ingevolge die Kinderwet (Wet 33 van 1960) sorgbehoewend bevind is, 'n tuiste te verskaf, asook 'n geborgde skoolopleiding totdat die kind die Senior Sertifikaat behaal het, of totdat hy sy akademiese plafon bereik het. Die doel van die verwydering van die kind uit die ouerhuis en die verwysing na kinderwetskole is om die kind tydelik uit 'n skadelike omgewing, of van skadelike invloede, te verwyder. Die skool moet dan tydelik die plek van die ouerhuis inneem en die personeel moet die opvoedingstaak van die ouer oorneem. Daar moet dus nie net aandag gegee word aan die akademiese opleiding van die kind nie, maar ook aan die sosiopedagogiese aspekte met betrekking tot die vorming van die kind tot 'n sosiaal goedaangepaste of aanpassende jongmens om 'n plek te kan volstaan in die samelewing.

1.2 Keuse van die navorsingsonderwerp

Wetenskaplike belangstelling in die probleme betrokke by die gesinsagtergrond van die kind in die kinderwetskool het met jare ondervinding as onderwyser, vise-hoof en hoof in kinderwetskole, by die ondersoeker gegroei en moet gesien word as motief vir die keuse van die onderwerp. Die steeds stygende aantal kinders, wat jaarliks uit hul gesinsverband verwyder word met die oog op substituuat versorging, het hiertoe bygedra. (Tabel 1.1 op bladsy 3 gee 'n beeld van die aantal kommitterings gedurende die afgelope drie jaar.)

'n Voorafgaande studie na die oorsake vir kommittering van kinders na kinderwetskole het hierdie belangstelling geprikkel en aanleiding gegee tot hierdie ondersoek. Dit kan aanvaar word dat kennis van die omstandighede en faktore wat die sosialisering van die gekommitteerde kind sodanig geskaad of belemmer het dat die kind uit die ouerhuis verwyder moes word, noodwendig moet lei tot beter begrip van die probleme van die kind met wie daar opvoedkundige bemoeienis gemaak moet word in die koshuis en in die klaskamer van die kinderwetskool. As die kind se behoeftes en probleme geken en begryp word, is die weg reeds grootliks gebaan vir suksesvolle verdere opvoeding.

Tabel 1.1

SORGBEHOEWENDE EN ANDER KINDERS GEPLAAS KRAGTENS DIE KINDERWET EN DIE STRAFPROSESWET, INGEDEEL VOLGENS DIE AARD VAN DIE PLASING EN DIE ONDERSKEIE WETSARTIKELS*

Wetsartikel	Beskrywing van bevel uitgereik	1980	1981	1982
Die kinderwet:	Kinders herstel in vorige bewaring:			
Art. 31(1)(a)	Sonder toesig	176	96	103
Art. 31(1)(a) & 31(2)	Onder toesig geplaas	336	662	402
Art. 31(1)(a) & 31(2)	Op proef geplaas	70	98	70
	Subtotaal	582	856	575
	Persentasie van totaal	20,58	27,30	14,30
	Kinders in pleegsorg geplaas:			
Art. 31(1)(b)	Sonder toesig	55	89	121
Art. 31(1)(b) & 31(2)	Onder toesig	1 015	874	1 532
Art. 31(1)(b) & 31(2)	Op proef geplaas	9	16	15
	Subtotaal	1 079	979	1 668
	Persentasie van totaal	38,16	31,22	41,68
	Kinders geplaas:			
Art 31(1)(b)	In Kinderhuise geplaas	691	748	945
Art. 31(1)(e)	In Nywerheidskole geplaas	476	552	814
	Subtotaal	1 167	1 300	1 759
	Persentasie van totaal	41,26	41,48	43,95
TOTAAL	Kinders sorgbehoewend bevind	2 828	3 135	4 002

* (Gegewens verkry uit die Jaarverslag van die Departement Gesondheid en Welsyn, 1983 : 122)

1.3 Probleemstelling

Kinders word jaarliks in toenemende getalle uit hul ouerhuise en gesinsverband deur 'n hofbevel aan substituuat versorgingsinrigtings toegewys vir voortgesette opvoeding soos duidelik uit tabel 1.1 hierbo afgelei kan word. Hierdie kinders se opvoeding het skeefgeloop of minstens skade gely as gevolg van die oorsake en omstandighede wat aanleiding gegee het tot kommittering.

Die gronde vir sorgbehoewendheid en dus vir kommittering, met die uitsondering van artikel 1 subartikel xxxv(c) van die kinderset, (Wet 33 van 1960), setel almal in die sosiale of sosiopedagogiese vlak. Die terapeutiese program van die kindersetkool moet in die lig hiervan ook 'n sterk sosiopedagogiese komponent hê as daar enigsins aan geregtverdigde opvoedkundige verwagtinge voldoen wil word. Gedurende die kind se verblyf in die kindersetkool word sy akademiese vordering voortdurend gemeet aan toets- en eksamenuitslae, maar of die skool werklik vir die kind as sosiale wese iets beteken, bly steeds 'n ope vraag.

Die probleem wat met hierdie studie nagevors sal word, kan daarom soos volg geformuleer word: *Slaag die kindersetkool daarin om 'n positiewe bydrae te lewer tot die sosiopedagogiese vorming van die gekommitteerde kind? Is die kind wat die kindersetkool verlaat, na 'n relatiewe lang verblyf, beter toegerus vir die samelewing ná skool as die kind wat onder dieselfde omstandighede nie gekommitteer sou gewees het nie?*

1.4 Afbakening van die terrein van die ondersoek

Hierdie ondersoek is beperk tot kinders in blanke kindersetkole onder beheer van die Departement Nasionale Opvoeding waarheen kinders wat sorgbehoewend bevind word, normaalweg verwys word vir verdere residensiële versorging en akademiese opleiding. Daar is agtien sulke skole in die vier provinsies van die Republiek van Suid-Afrika. Slegs sewentien van die skole sal by die ondersoek betrek word. Die agtiende skool het ten tye van die afneem van toetse nie oor die dienste van 'n gekwalifiseerde skoolsielkundige beskik vir die afneem van die toetse nie. Moontlike toetslinge by hierdie skool kon dus nie ingesluit word vir die doeleindes van hierdie navorsing nie.

'n Lys van skole wat by die ondersoek betrek sal word, verskyn in bylae A op p. 200. Van die sewentien skole wat betrek sal word, is agt seunskole en nege meisieskole. Die twee verbeteringskole onder beheer van die Departement Nasionale Opvoeding, wat ook onder die kollektiewe naam "kinderwetskole" ingesluit word, sal nie vir die doel van hierdie navorsing onder kinderwetskole ingereken word nie. Die leerlinge wat in verbeteringskole geplaas word, is leerlinge wat meer ernstige gedragsafwykings openbaar, of leerlinge wat weens ernstige oortredings tydens hul verblyf in die gewone kinderwetskool, na die verbeteringskool oorgeplaas word. Die verbeteringskoolleerling kan dus nie op gelyke voet gereken word met die deursnee sorgbehoewende leerling in die gewone kinderwetskool nie. Kinderwetskole in hierdie navorsing verwys na dié skole wat tot betreklik onlangs as nywerheidsskole bekend gestaan het. Hierdie navorsing is beperk tot 'n bepaalde teoretiese aanloop vanuit die literatuur, opgevolg deur 'n empiriese ondersoek in verband met die leerlinge se sosiopedagogiese vorming tydens hulle eerste jaar in die kinderwetskool.

1.5 Doelstelling van die ondersoek

Die doelstelling van hierdie navorsing kan soos volg geformuleer word:

- (i) Om die sosiopedagogiese taak van die kinderwetskool internasionaal te ondersoek en te omskrywe aan die hand van bestaande literatuur;
- (ii) Om op wetenskaplike wyse deur objektiewe toetsing, en hertoetsing na een jaar, vas te stel of die kinderwetskool in Suid-Afrika 'n positiewe bydrae lewer tot die sosiopedagogiese vorming van die kind.

1.6 Die metode van ondersoek

In die ondersoek sal ten eerste gebruik gemaak word van die metode van literatuurstudie. 'n Deeglike studie sal gemaak word van bestaande literatuur oor die onderwerp. Aandag sal veral gegee word aan literatuur oor sosialisering en besondere behoeftes van die adolessente sorgbehoewende kind, residensiële versorging, maatskaplike en sosiale probleme wat sosialisering strem en die terapeutiese program van die kinderwetskoolopset. Dokumentêre literatuur oor die groei en ontwikkeling van die kinderwetskool in Suid-Afrika sal in die argief en biblioteek van die Departement Nasionale Opvoeding bestudeer word om 'n

betroubare agtergrond van die skool waaroor die ondersoek handel, te kan weergee.

Ten tweede sal van die empiriese ondersoekmetode gebruik gemaak word. 'n Volledige beskrywing van die metode van die empiriese ondersoek volg in hoofstuk ses van hierdie navorsingsverslag.

1.7 Aanbieding van die gegewens

Gegewens uit literatuur en navorsingsverslae verkry, sal in hoofstukke aangebied word. Feite sal in die teks gedokumenteer word volgens die oorspronklike bron waaruit dit verkry is. Die resultate verkry uit die empiriese studie sal afsonderlik in hoofstuk sewe aangebied en bespreek word.

1.8 Die program van die ondersoek

Hoofstuk een bevat 'n oriënterende inleiding, die probleemstelling, die doel van die studie en 'n kort beskrywing van die metode wat in die ondersoek gebruik sal word. 'n Omskrywing van begrippe waarna in die ondersoek verwys word, word gegee.

Hoofstuk twee sal die kinderwetskool in perspektief plaas. Dit behels 'n historiese oorsig om aan te dui hoe die skool, wat oorspronklik opgerig is as 'n veilige hawe vir verwaarloosde kinders, deur die jare gegroei en ontwikkel het tot 'n volwaardige opvoedingsinrigting.

In hoofstuk drie word indringend gekyk na problematiek in die samelewing, waarin die kind gevorm moet word, wat belemmerend inwerk op die ontwikkeling van die kind; vóór kommittering sowel as daarna.

Aangesien al die kinders wat tot die kinderwetskool toegelaat word in die lewensfase van adolessensie is, word hoofstuk vier gewy aan besondere behoeftes van die adolessent, waarmee die opvoeder in die kinderwetskool behoort rekening te hou.

Hoofstuk vyf gee 'n uiteensetting van die akademiese sowel as die nie-kurrikulêre opvoedkundige bedrywigheide van die kinderskool. Klem word gelê op die nie-akademiese georganiseerde program wat kan bydra tot die sosiopedagogiese vorming van die opvoeding. Die voor- en nadele van inrigtingsversorging word bespreek.

Hoofstuk ses behels 'n gedetailleerde omskrywing van die metode van navorsing wat by die empiriese ondersoek gevolg sal word. Die samestelling van die proefgroep, die meetmiddels wat gebruik is en die statistiese verwerking van die data wat uit die toetsing verkry is, word bespreek.

In hoofstuk sewe sal die resultate van die empiriese ondersoek in verwerkte vorm aangebied en bespreek word. By wyse van vergelyking van die resultate van die toetsprogram met die resultate van die hertoetsprogram sal daar getrag word om aan te dui of die kinderskool 'n positiewe bydrae lewer tot die sosiopedagogiese ontwikkeling van die sorgbehoewende kind, al dan nie.

'n Samevatting van die ondersoek volg in hoofstuk agt, asook gevolgtrekkings waartoe geraak is en aanbevelings aan die hand van wat bevind is in die ondersoek.

1.9 Presisering van begrippe

Ter wille van wetenskaplike duidelikheid word enkele toepaslike begrippe nou kortliks nader ontleed.

1.9.1 Kinderwet

Tensy spesifiek anders bepaal, sal met "kinderwet" verwys word na Wet 33 van 1960, soos gewysig tesame met regulasies. Ten spyte daarvan dat die Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983 reeds goedgekeur is deur die staatspresident en op 22 Junie 1983 gepubliseer is, kan dit vir die doeleindes van hierdie navorsing nog nie as verwysingsbron gebruik word nie, aangesien die wet nog nie gepromulgeer is nie.

1.9.2 Die kinderhof

Die kinderhof is 'n hof anders as die gewone landdroshof:

”(1) Die Minister van Justisie of die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, indien die betrokke distrikte onder administratiewe beheer van laasgenoemde val, kan 'n kinderhof instel vir 'n distrik, of gedeeltes van distrikte. (2) Elke landdroshof is 'n kinderhof vir enige deel van sy regsgebied waarvoor daar geen kinderhof kragtens subartikel (1) ingestel is nie.” (Kinderwet, 1960, art. 4(1) en (2)).

Kinders wat vermeende sorgbehoewende gevalle is, of wat reeds sorgbehoewend bevind is, word nie in gewone howe verhoor nie, maar in kinderhowe, waar alle sittings in camera geskied. In so 'n kinderhof is 'n kommissaris van kindersorg, wat deur die Minister van Justisie aangestel word, die voorsittende beampte. Persone wat gemagtig is om by die verhoor van kinders teenwoordig te wees, is die kommissaris (wat gewoonlik 'n landdros, 'n assistent landdros of 'n addisionele landdros is), 'n assistent kinderhofbeampte, getuies, ouers van die kind (insluitende voogde of pleegouers), en die verantwoordelike welsynwerker. 'n Prokureur kan deur die ouers verkry word en soms maak die kommissaris gebruik van 'n assessor. Die prosedure is informeel omdat die kind nie beskou word as 'n aangeklaagde nie, maar slegs as 'n beweerde sorgbehoewende geval. Geen publisiteit mag aan kinderhofverrigtinge verleen word nie, tensy skriftelike goedkeuring van die kommissaris verkry is (Kinderwet, 1960, artikels 7 en 8).

1.9.3 Kommittering

'n Gekommitteerde kind is 'n kind wat deur 'n kinderhofkommissaris sorgbehoewend bevind is. Dit is 'n kind ten opsigte van wie 'n kinderhof:

”(b) beveel dat die kind in bewaring van 'n geskikte pleegouer geplaas word; of
(c) beveel dat die kind onder beheer van 'n goedgekeurde vereniging geplaas word; of
(d) beveel dat die kind na 'n goedgekeurde kinderhuis verwys word; of
(e) beveel dat die kind na 'n nywerheidskool verwys word” (Kinderwet, 1960, art. 31(1)).

Van Reenen beskryf gekommitteerde kinders soos volg: "Committed children are children who have an order of court against them and who are in consequence being maintained apart from their parents or guardians, or who are subject to parental supervision" (Van Reenen, 1963 : 110).

1.9.4 Sorgbehoewendheid volgens die Kinderwet

Die Kinderwet stel bepaalde voorwaardes vir sorgbehoewendheid en beskryf 'n sorgbehoewende kind as 'n kind:-

- "(a) wat verlaat of sonder waarneembare bestaansmiddele is; of
- (b) wat geen ouers of voog het nie, of wat ouers of 'n voog het wat geen behoorlike beheer oor die kind uitoefen nie; of
- (c) wat in die sorg van 'n persoon is wat 'n misdryf, vermeld in die eerste Bylae van hierdie Wet, begaan ten opsigte van of in verband met daardie kind; of
- (d) wat nie deur sy ouers of voog of persoon in wie se bewaring hy is, beheer kan word nie; of
- (f) wat omgaan met 'n onsedelike of slegte persoon of wat andersins onder omstandighede leef wat waarskynlik die verleiding, verslegting of prostitusie van die kind sal veroorsaak of in die hand sal werk; of
- (g)(i) wat bedel; of (ii) wat minder as twaalf jaar oud is en enige soort straathandel dryf binne die regsgebied van 'n plaaslike bestuur, tensy daardie plaaslike bestuur deur middel van verordenings ingevolge artikel 22, of 'n ander wet uitgevaardig, voorgeskryf het dat so 'n kind daardie soort straathandel mag dryf en tensy hy dit doen ooreenkomstig verordeninge ingevolge artikel 22 uitgevaardig; of (iii) wat nie minder as twaalf jaar nie maar minder as sestiën jaar oud is en enige soort straathandel dryf binne die regsgebied van 'n plaaslike bestuur in stryd met verordenings wat daardie plaaslike bestuur ingevolge artikel 22 uitgevaardig het; of
- (h) wat onderhou word weg van sy ouers of voog of ander huislike omstandighede wat met die belange van die kind in stryd is, en wie se ouers of voog nie opgespoor kan word nie, of versuim het om behoorlik voorsiening vir die versorging en bewaring van die kind te maak, alhoewel hulle aangesê is om dit te doen; of
- (i) wat in 'n toestand van fisiese of geestelike verwaarlosing verkeer" (Kinderwet, 1960, artikel 1(xxxv) : 6).

1.9.5 Kinderwetskole

Kinderwetskole is 'n kollektiewe naam wat algemeen gebruik word om te verwys na die ou "nywerheidskole" sowel as verbeteringskole. Vir die doeleindes van hierdie navorsingsverslag sal met die naam "kinderwetskole" slegs verwys word na die skole wat tot onlangs nog bekend gestaan het as nywerheidskole. (Die name van hierdie skole verskyn in Bylae A van hierdie proefskrif).

1.9.6 Verbeteringskole

Daar is twee verbeteringskole vir blanke kinders wat onder beheer van die Departement Nasionale Opvoeding ressorteer, naamlik die Instituut vir Meisies te Durbanville en Constantiaskool vir seuns in Retreat.

Leerlinge wat kriminele oortredings begaan het vóór kommittering word registreer na die verbeteringskool verwys. Leerlinge in 'n nywerheidskool wat gedragsafwykinge openbaar wat krimineel van aard is, kan met die goedkeuring van die Departement Nasionale Opvoeding oorgeplaas word na die betrokke verbeteringskool.

1.9.7 Plekke van veiligheid

Voordat sorgbehoewende of vermeende sorgbehoewende kinders (terwyl hulle wag vir kinderhofverrigtinge om afgehandel te word) na kinderwetskole of ander versorgende instansies gestuur word, word hulle dikwels vir korter of langer periodes in plekke van veiligheid aangehou. Kinders wat 'n kriminele oortreding begaan het, in afwagting van 'n vonnis of verhoor of verwydering na 'n verbeteringskool, kan ook in plekke van veiligheid aangehou word. Private sorg of 'n kinderwetskool kan ook deur die kinderhof as 'n plek van veiligheid aangewys word (Kinderwet, 1960, artikel 38 : 30).

1.9.8 Volkswelsyn

Met die naam "Volkswelsyn" sal in hierdie proefskrif bedoel word die Departement Gesondheid en Welsyn van die Suid-Afrikaanse Regering.

1.9.9 Uitplasing met vergunning

Die kommittering van 'n kind is tydelik van aard. Wanneer 'n kind uitplasingsrypheid bereik het, dit wil sê as hy volgens vermoë sy akademiese plafon bereik het, word die kind teruggeplaas in die samelewing. Gewoonlik word die kind teruggeplaas by die ouers of 'n familielid. Indien sodanige tuiste nie beskikbaar is nie, word geskikte verblyf gevind deur die skool in samewerking met Volkswelsyn. Uitplasing word deur die Raad van Beheer van die skool aanbeveel en deur die Departement Nasionale Opvoeding goedgekeur. 'n Amptenaar van Volkswelsyn hou egter nog toesig oor die kind se aanpassing en vordering in die werksituasie en hou die skool op hoogte deur middel van verslae. Die periode van toesig is volgens die Kinderwet hoogstens twee jaar of totdat die kind die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik het (Kinderwet, 1960, artikel 44). Geeneen van die twee perke word dikwels bereik nie.

1.9.10 Ontheffing van die gevolge van die bepalings van die Kinderwet

As 'n kind se aanpassing gunstig verloop, word aansoek gedoen deur die skool, op aanbeveling van die welsynwerker, dat die leerling onthef word van die gevolge van die bepalings van die hofbevel waarvolgens die kommittering geskied het. So 'n leerling is dan terug in die samelewing as vrye individu.

1.10 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die navorsing in perspektief geplaas tot die kinderwetskool en sy sosiopedagogiese funksie by wyse van 'n oriënterende inleiding en die navorsingsprobleem, die doelstellinge en metode van ondersoek is volledig omskrywe. Enkele begrippe is nader ontleed ter wille van wetenskaplike duidelikeid.

In hoofstuk twee hierna volg 'n historiese oorsig van die groei en ontwikkeling van die kinderwetskool sedert die stigting van die eerste kinderwetskool in 1909.